# EL-SHADDAI

. . . ons hoofde vir gebed.

2 Almagtige God, dit is met dankbare harte wat ons voor U buig vanaand, om aan U die opregte aanbidding van ons hart aan te bied om ooit Jesus na die aarde toe te stuur, dat ons verlos kan word en eendag die voorreg kan hê om te kyk na Hom Wat ons gered het.

3 Ons is hier vanaand, ons het vergader in Sy Naam, want Hy het belowe dat waar twee of meer ook al in Sy Naam sou vergader, Hy in ons midde sou wees, en dan as ons sou saamstem oor enigiets, dat dit toegestaan sou word. Here, ons stem volkome saam vanaand, dat as daar enige in hierdie gebou is wat nie gered is nie, hulle vanaand gered mag word, of enige wat in radioland luister, mag hulle vanaand gered word.

4 Genees almal wat siek en beproef is, en mag U Naam vereer word, want ons is U diensknegte, en ons is hier om U te dien na die beste van ons wete. Nou vertrou ons onsself toe, en ons geeste, ons denke, en alles wat ons is, vertrou ons toe in U hande vir U diens. In die Naam van die Here Jesus, vra ons dit. Amen.

5 Mag maar sit. Ek het in die motor gesit, en die—die orkes geniet wat gespeel het. En Mev. Piper, hoe ons altyd haar boodskap in sang geniet. En dan om Broer David te hoor praat, wat altyd 'n inspirasie is vir my, om daardie krygsman van die Here te hoor sê wat hy van die Here Jesus dink. Nou, hy hou elke oggend dienste hier, dink ek, om en by tienuur.

6 En ek het met die opnamemanne gepraat, en hulle neem bandopnames daarvan op. En hulle het gesê dat hulle elkeen van hulle vir my sou hou, sodat ek hulle almal kan luister, na ons by 'n punt kom waar ek die geleentheid kan hê om na hulle te luister.

7 En ek is seker hy sal goed wees vir julle. Broer du Plessis, ek ken hom nou al vir 'n paar jaar. Hy ken my al langer as wat ek hom ken, want hy sou in die dienste wees en ek sou dit nie weet nie. Maar ek ken sy familie, en hulle is almal goeie Christene.

8 Toe ek in Suid-Afrika was, was sy broer my tolk, 'n goeie, Christen man. En ek hou van David se gees, hy is nou weg, so hy hoor my nie, maar ek hou van sy gees, daardie sagmoedige, reguit tot die punt, toegee vir niks, maar tog sagmoedig ook. Ek hou daarvan.

9 Julle weet, Jesus was onder geen omstandighede 'n lafaard nie, Hy was nie net 'n verwyfde soort persoon nie, Hy was *man*, maar tog kon Hy die punt net reguit aanspreek, maar tog met

sagmoedigheid. En ek 'n persoon sien wat dit kan doen, dink ek net aan die Gees van Christus wat in hulle is.

10 So, Broer du Plessis preek weer môre. En ek dink môre-aand, het hy my vertel, dat hy moet vertrek. Ek was jammer dat ek nie kon praat met sy vrou nie, sy is een van die gaafste dames. Ons het haar by die ontbyt ontmoet nou die oggend, en so 'n gawe dame wat sy was, regte tipiese Afrikaanse vrou.

11 As die Here wil, hoop ek om in Suid-Afrika te wees vanjaar saam met Broer David in nog 'n groot veldtog, waar ek dink dat die koningin-veldtog, wat ek ooit gehou het vir die Here, dáár was, waar dertigduisend rou heidene vir Jesus Christus as persoonlike Verlosser aanvaar het een middag. Dertigduisend rou heidene, kombers-inboorlinge, en nog nooit vantevore die Naam van Jesus gehoor het, sover ek weet nie. En met... Nou, hulle was nie almal inboorlinge nie, party van hulle was, hulle het gesê omtrent tienduisend Mohammedane, sien, was in daardie groep.

12 Nou, ek het gepraat met 'n sendeling jare gelede, en hy het gepraat van daardie een kosbare juweel. Hy was in die sendingvelde vir *soveel* jaar en het een Mohammedaan bekeer. Hulle is die moeilikste wat daar is om te bekeer, want hulle is van die ou Mede en Perse wat nie verander nie, en hulle godsdiens is bobaas, en hulle sê dis die beste, en jy kan hulle net nie verander nie. So, maar toe...

13 Julle sien, waar ek dink ons ons fout gemaak het, ons het nie gedoen soos Jesus ons beveel het om te doen nie. Sien? Sien, ons het gegaan en kerke gemaak, en het denominasies gehad, en het skole gehad, en dis alles in die haak, maar Jesus het nooit Sy Kerk presies opdrag gegee om dit te doen nie: Moes die Evangelie preek, sien, die siekes genees, die dooies opwek, die melaatses reinig, dis die opdrag. Sien? En ons het ander dinge behalwe dit gedoen, en dis waarom die Evangelie nie uitgegaan het soos dit het nie. Terug na die algemene opdragte, broers. Dis reg. Terug na die opdrag.

14 "Wanneer Ek..." Jesus het gesê: "As Ek verhoog word, sal Ek almal na My toe trek." En dis hoekom ek hier deur Amerika gaan, probeer, sonder om 'n offerande op te neem, net die vrywillige mense, wanneer hulle my ook al iets wil gee, tot ek genoeg geld bymekaar kry om soontoe te gaan om 'n paar duisend siele vir Christus te wen. Dan sal dit by die Oordeelsdag, aan julle toegereken word, want die Here het my opdrag gegee om te gaan, en julle help my om te gaan. So dis, dit sal ons almal laat inkom daarmee op daardie Dag. Sal julle nie bly wees om te weet dat daardie Dag, wanneer Hy kom, en dis alles verby, en watter wonderlike tyd sal dit dan wees om te gaan sit, nie?

15 Ek kan na enige plek toe gaan en van 'n vliegtuig afkom, en daar sal mense daar by die lughawe wees: "Broer Branham,

onthou jy my? Jy het *so-en-so* vir my gebid." Klim op 'n trein, iemand sal deurloop, sê: "Is jy Broer Branham? Wel, ek is in jou diens genees, van kanker tien jaar gelede." En ek dink net wat dit sal wees wanneer ons gaan sit op die oewer van die rivier aan die ander Kant. En hier sê ons net: "Ja, ek—ek onthou daardie diens. Die Here seën jou. Totsiens." Maar daar, ons sal net . . .

16 Ek wil 'n afspraak hê met elkeen van julle mense wanneer ons daar oorkant kom, ek wil by julle gaan sit vir 'n duisend jaar elk, sien, want ons gaan geen tyd hê wanneer ons daar kom nie, sien. So ons sal net, sal net 'n klein paar minuut geselsie wees, net 'n duisend jaar elk met julle, en dan sal ons dit alles bespreek. Sal wonderlik wees!

17 Nou, gepraat van bandopnames, ensovoorts, party mense het my gevra: "Waar kan ons die boodskappe kry?" Nou, hierdie boodskappe hier was nie veel nie, want dis hees, en—en ek was moeg, en baie voor my, en dinge waarvan die wêreld niks weet nie. Maar ons het 'n paar boodskappe wat ek in my tabernakel gehad het, en dinge, waar ons gerus het. Ek dink ons het vyfhonderd verskillende preke almal, ja, almal op bandopname. En die kêrels het dit saam by die tafel, sovoorts, en hulle verkoop hulle net vir net 'n bietjie meer as die koste van die band, hulle gee hulle net vir die hanteringskoste, omtrent. En julle is meer as welkom om hulle by die lessenaar te kry. En dis . . . Ek het notatjies gekry: "Waar kan ons die boodskappe kry?" So dis waar julle hulle kry, by die boekwinkel by die konsessie.

18 Nou, ons het 'n wonderlike tyd gehad gisteraand, of ek het, in elk geval. Ek was net . . . Laat my dink gisteraand toe ons . . . Ek was, onthou net om uit te gaan en die kerk te sien staan, skree, en die Here te prys.

19 Ek het net gedink aan eenkeer wat ek sou . . . Ek hou so daarvan om vis te vang. En omtrent alle predikers hou van visvang, julle weet, dis waar hulle . . . Petrus het die Here gesien, eenkeer, en die apostels, toe hulle visgevang het; Ek dink dis waarom predikers daarvan hou om vis te vang. Ek weet nou nie van die hoender eet nie, hulle hou almal daarvan, oor daardie kraai van die haan.

20 Maar ek was ver bo in die noorde van New Hampshire, en ek het daardie klein rivierforelle probeer vang in die tuiste van die wit-stert takbok, ek was drie dae ver in die berge in met 'n rugsak op my rug, en ek het vir my 'n tentjie opgeslaan, en 'n stoof daarin gehad waar ek 'n bietjie warm kon bly in die aand, dit was vroeg lente.

21 En so, het ek visgevang in 'n stroom, baie vis gevang. En daardie oggend toe ek vroeg vertrek het, voor, lank voor sonop, het ek my vlieglyn geneem en opgegaan, en ek het 'n byltjie geneem sodat ek 'n bietjie kon kap, of 'n klein, handbyltjie, sodat ek van die wilgers kon afkap. Ek kon nie . . . 'n Groot gat

daaronder waar ek geweet het ’n forel gelê het, en ek kon nie daardie vlieg net reg daarin ingooi nie.

22 So, ek het ’n goeie klompie vis gevang, genoeg vir ontbyt, en ek was op my pad terug, en—en ek het ’n geraas gehoor, ek—ek het om die bossies gekyk waar ek omgekom het, en my tentjie was heeltemal stukkend geskeur tot op die grond, ’n klein een-man tentjie. En daar was ’n ou wyfiebeer, ’n ou sog, en twee kleintjies wat daar ingekom het, en hulle het daardie tent verinnneweer totdat dit net stukkend gebreek was. Dit is nie wat hulle vreet nie, dis wat hulle vernietig. En ek het ’n ou stoofpyp daarin gehad, en die ou mabeer het dit net geslaan om dit te hoor ratel, julle weet, net . . . En ek het opgelet hulle het net alles stukkend gebreek.

23 En sy het my gehoor toe ek om die hoek gekom het, want die grond het nog ’n bietjie ryp daarop gehad, en sy het opgekyk, en sy het geroep na haar kleintjies, en sy het weggehardloop. Wel, een klein welpie het saam met haar gegaan, net ’n klein outjie, julle weet, net ’n klein outjie, oulik. En so het hy weggehardloop. En sy, omdat die ander kleintjie nie gekom het nie, wel, het sy soort van gestop, en sy het begin roep na daardie kleintjie, gekoer daarvoor, die soort geluid soos ’n voël wat ’n geraas maak. En sy . . . En hierdie ander kleintjie het gesit, hy het sy rug regop gehad na my toe soos *daardie*. En hy het iets gedoen, ek het gedink: “Wel, hy moes iets gekry het, hy skeur dit oop.” So sy het weer gekoer, en gemaak asof sy na my toe terugkom.

24 Nou, julle weet, jy met hulle kleintjies bein lol en partymaal sal hulle jou skraap. So, ek het ’n handbyl in my hand gehad, ’n ou, geroeste pistool wat in die tent lê, maar dit was stukkend. En hulle . . . Ek wou nie die ou ma doodmaak nie, dit sou twee wesies in die woude agterlaat, en ek wou nooit skuldig wees daaraan nie. Wel, ek het gesoek na ’n boom om te sien hoe ek vinnig teen daardie boom kon opklim, julle weet, indien sy dalk kom.

25 So, ek het gedink: “Ek gaan kyk wat fout is met daardie kêreltjie.” En hy was net so geïnteresseerd, om iets te doen, en hy het sy rug na my toe gehad sodat ek hom nie kon sien nie. Ek het my oog op haar gehou, want sy het aanhou koer, so ek het langs die kant omgeloop tot ek gekom het tot waar ek die kêreltjie kon sien. Hy het my emmer molasse oopgehad.

26 So, ek—ek is lief vir pannekoeke. Ek weet ek het ’n klomp broers en susters daarbuite wat ook lief is vir hulle. En ek—ek het vir my ’n emmer molasse gekry, en, julle weet, ek glo nie in besprinkeling nie, ek doop hulle, ek’s ’n Baptis. Ek gooi dit regtig oor, baie molasse, julle weet.

27 En hierdie kêreltjie het daardie emmer oopgemaak. Hulle hou in elk geval van soet goed. En hy het sy pootjie daarin gehad. En hy sou sy pootjie *so* afdruk en *so* lek wanneer hy sy poot net oor sy gesig bring. En hy het daardie emmer uitgelek so skoon

as wat dit kon wees. Hy was molasse van bo-op sy kop tot onder sy voete. En ek het geskree: "Kom daar uit!" soos daardie. En hy het omgedraai om na my te kyk, en die molasse was in sy oë, hy kon nie sien nie. Dit was een van die oulikste gesigte wat ek ooit gesien het; geen kamera, natuurlik, op daardie tyd nie.

28 En die ou moeder het bly roep na hom. En ek het gedink: "Dis reg. Sien, daar's geen veroordeling vir hom nie. Wel, hy het sy hand in die molasse-emmer gehad tot reg by sy elmboog." Dis omtrent hoe ons gisteraand gemaak het. Ons het nie enige aandag gegee aan wat enigiemand anders sê nie, ons het net ons hand in die molasse-emmer gehad, net molasse oraloor.

29 En die vreemde ding was, toe daardie kêreltjie by sy moeder en sy broertjie gekom het, wel, het hulle hom begin lek, om van die molasse af te lek. Ek hoop julle het genoeg op julle gekry gisteraand, dat hulle heeldag lank gelek het oor die getuienisse wat ons gisteraand gehad het.

30 O, daar's groot dinge as ons God net in die natuur sal dophou, hoe Hy werk, so verstommend. Klim tot bo-op die berge, en sit daar, en vat tyd af, en aanbid net—net die Here, dis regtig goed.

31 Nou, as die Here wil, Sondagmiddag, het ek—ek belowe om *My Lewensverhaal* te probeer vertel, Sondagmiddag, dit sal die eerste keer wees in jare en jare. En Saterdagoggend, is die sakemanne se ontbyt by die—by die Clifton se Kafeteria. As jy nie kan kom nie . . . Dis altyd volgepak daarbinne. As jy nie kan kom nie, skakel in op die radio, want hulle het regtig 'n wonderlike tyd.

32 En dan Sondagmiddag en Sondagaand, weer terug hier. En natuurlik, as julle vreemdelinge is en in hierdie stad gaan wees, wel, kom na die tempel toe as julle geen plek het om na toe te gaan nie, ons sal bly wees om julle hier te hê vir die Sondagskooldienste. Ek is seker julle siel sal gevoed word.

33 Nou, gaan ons die Woord van God oopmaak, en ek wil net een vers lees, gevind waar ons hierdie lees . . . Gisteraand, het ons geëindig by die 20ste vers van die 4de hoofstuk van Romeine, om te lees, vanaand, wil ek die 21ste vers lees. En toe gisteraand, het ons begin by die 11de hoofstuk van Génesis en oorgekom na die 16de hoofstuk van Génesis, en net die hoogtepunte van die lewe van Abraham geneem. Nou lees ons hier:

> *En was ten volle oortuig dat*, Hy in staat was om dit te hou wat Hy belowe het.

34 As God 'n belofte gemaak het, sal God daardie belofte hou.

> *. . . was ten volle oortuig dat—dat, Hy ook die mag, wat hy beloof het . . . te doen.*

35 God hou Sy belofte. En Abraham was ten volle oortuig, maak nie saak hoe belaglik dit gelyk het vir die vleeslike verstand of enigiemand anders nie, dit het goed gelyk vir Abraham, want

Abraham het nooit soveel gekyk na wat die belofte was, of hoe belaglik dit was nie, hy het gekyk na Wie die belofte gegee het. Dit hang af waarna jy kyk.

36 En nou, sal ons net 'n bietjie agtergrond kry om by die plek te kom waar ons vanaand wil kom. En dan môre-aand, beoog ons om die klimaks te bereik van hierdie studie van Abraham, as die Here wil.

37 Nou, ek is ver van 'n teoloog of 'n leraar af, maar wat ek van Hom weet, wil ek graag vir ander vertel, want dit beteken soveel vir my. En ek hoop dat dit vir julle soveel sal beteken om dit te hoor, as wat dit vir my beteken om dit te spreek, dan sal ons almal geseën word.

38 Nou, ons het gisteraand uitgevind dat Abraham net 'n gewone man was. Hy was 'n man na wie God gekyk en sy hart gesien het. Nou, dis hoe God na die mens kyk, Hy kyk na die hart van die mens; die mens kyk na die uiterlike voorkoms, God kyk na die hart. So maak nie saak hoe arm jy is, hoe ongekwalifiseerd jy blykbaar is, hoe ongeleerd jy is, hoe ongeletterd jy is nie, dit het niks daarmee te doen nie, God kyk na jou hart. Onthou dit altyd, dis in die hart waarmee God werk.

39 'n Paar aande tevore het ons die onderwerp geneem: In die tuin van Eden, het die duiwel die mens se kop gekies: in die intellektuele, God het sy hart gekies: in geloof. En as jy in geloof wandel, moet jy dinge glo wat jy nie kan sien, of selfs met jou verstand uitredeneer nie. Ons verwerp redenasies. Wanneer God enigiets sê, kyk ons nie meer intellektueel daarna nie, ons laat dit reg in ons hart insink, en noem enigiets teenstrydig daarmee, asof dit nie was nie. Ons kyk na wat God gesê het, Wat die belofte gegee het.

40 Dis waar die wêreld so verstrengel is vandag, dis te veel intellektuele prediking. In plaas van Geesvervulde kerke wat in die Gees aanbid, luister hulle na intellektuele boodskappe. En jy kan dit nie uitredeneer nie, daar's glad nie enige manier om dit te doen nie.

41 Ek het gedink, wens ek het nog 'n week hier in die tempel gehad, ek wil graag in iets van 'n onderwerp ingaan wat ek in my hart het van die herstel van die ware Kerk van God. Hoe wat die afknyper gevreet het, en die kaalvreter gevreet het, en al hierdie verskillende goggas, dis dieselfde gogga, net verskillende vorms van sy lewe, en dit het alles afgevreet, en wat hulle gevreet en hierdie mensgemaakte dinge opgemaak het, God sal nooit deur hulle herstel nie, Hy gaan Dit reg uit die stomp laat uitgroei. "Ek sal herstel, sê die Here." Dit sal nie uit enige geloofsbelydenis kom nie, Dit sal uit God uitkom: "Ek sal herstel."

42 Hierdie afknypers, en voetgangers, ensovoorts, wat gevreet het aan God se erfenis, het dit afgevreet tot by 'n stomp. Maar dit sal nie deur hierdie kom, Hy sal hulle ook nie gebruik nie, Hy

sal reg uit die stomp uitkom, reguit op daarmee. "Ek sal herstel, sê die Here." En Hy gaan 'n geloof herstel in die mense.

43 Die laaste Boek voor Openbaring, het die klein Boekie van Judas gesê:

> *. . . ek alle ywer aanwend om aan julle oor ons gemeenskaplike saligheid te skrywe* en *het ek die noodsaaklikheid gevoel om julle deur my skrywe, en* te *vermaan om kragtig te stry vir die geloof* wat *eenmaal aan die heiliges oorgelewer is*.

44 Hulle het daarvan afgedwaal. En as hulle toe afvallig geraak het, drie-en-dertig jaar na die dood van Christus, hoeveel te meer het hulle afvallig geraak vanaand? Maar God sal daardie Kerk herstel na Sy vorige toestand, ek glo dit. "Ek sal herstel."

45 Dan, moet ons teruggaan, en dis waarom ek oor Abraham geleer het, om julle te laat weet, die grootste ding wat ek in die kerk vind vanaand, onder die mense, al die kerke, wanneer ek sê *kerk*, bedoel ek almal van hulle, ek vind twee verskillende soorte mense: Ek vind fundamentele mense, wat posisioneel hulle posisie in Christus ken, maar hulle het geen geloof daarvoor nie; dan vind ek die Pinksters, wat baie geloof het en nie weet wie hulle is nie.

46 So dan, dis net soos 'n man wat—wat baie geld in die bank het en nie 'n tjek kan uitskryf nie, en die ander een kan 'n tjek uitskryf en het geen geld in die bank nie. As jy daardie twee bymekaar kon kry! As jy die geloof wat in die Pinkster is in die fundamentele mense kon kry, of die—die Heilige Gees, bedoel ek om te sê, wat in die Pinkstermense is, in die fundamentele gelowiges kon kry, of hulle posisie inneem, die Pinksters hulle posisie laat ken, net soos die fundamentele dit ken, sou daar iets gebeur.

47 Maar die probleem met die mense vandag, hulle wat die Heilige Gees het, hulle net, hulle weet nie wat om Daarmee te doen nie, hulle blaas Dit alles in stoom uit, in plaas van om Dit te laat werk vir die Here. Hulle—hulle skree Dit uit, en prys Dit uit; dis alles reg, maar kom ons laat Dit werk, kom ons laat Dit werk vir die Here.

48 Soos Benjamin Franklin, toe hy elektrisiteit gevang het, het hy begin skree: "Ek het dit! Ek het dit!" Maar net om te sê hy het dit, kon . . . omdat hy dit gevoel het . . . Hy het dit gehad, maar dit sal nooit help totdat hy dit laat werk nie. Kyk nou wat dit doen. En die Heilige Gees sal die wêreld verlig met die Evangelie, net soos elektrisiteit het, as ons Dit kan laat werk; maar jy moet die Heilige Gees laat werk.

49 Mense vandag is, mense word vermaak. As julle sal oplet op die platvorm in verskillende plekke, oral, nie net hier nie, enige plek, sal die mense kom, hulle verwag . . . Hulle het te veel gehad van hierdie hoëdruk, laaste-dag, Goddelike genesingsveldtogte.

Dis presies reg. Mense wat sê: "Ek het dit in die hand. Sjoe! Voel dit? Voel dit? Voel julle dit?" Nee, jy voel dit nie. Jy mag jou hand voel, maar dis al wat jy gevoel het. Dis reg.

50 Jesus het nooit gesê: "Het jy dit gevoel?" nie. Hy het gesê: "Het jy dit geglo?" Nie: "Het jy dit gevoel?" nie. Jy glo dit. Geloof voel nie, geloof is iets wat jy nie voel nie, jy het geen sintuie wat dit sal verklaar nie, net daardie sesde sintuig, daardie geloof wat dit weet. Jy voel, proe, ruik, of hoor dit nie, maar jy weet dit. Omdat Jesus so gesê het, is dit afgehandel.

51 As ek ooit 'n boodskap een of ander tyd kon kry wat die mense sou wegskud van al hierdie Hollywood evangelisasie af hier, en hulle daar by die Bybel kry, by SO SPREEK DIE HERE, dan sal daar iets gebeur. En dis wat ek verlang het om te sien. Ons het 'n beroering hier in die tempel gehad, maar ek wil graag 'n herlewing in die tempel sien. Nou, 'n herlewing is nie om nuwe lidmate in te bring nie, 'n herlewing is om te laat herleef wat jy alreeds het. Dis wat ons nodig het, is 'n herlewing.

52 Het julle al ooit die see 'n herlewing sien kry? Sekerlik. Wanneer dit begin hop en spring, die golwe wat slaan, daar's nie een druppel méér water daarin as wat dit was toe dit heeltemal stil was nie, maar dit het 'n herlewing, gooi al die gemors op die oewer op, dis wat dit doen. En dis wat die Kerk vanaand nodig het, is 'n herlewing om al die onsin Daaruit uit te gooi, en dit uit te gooi op die wal, sodat hulle kan terugkom na die vaste Evangelie fondasie. Dis wat die . . .

53 Die Bybel het gesê: "Kom koop by My, goud, suiwer goud, gelouter in 'n vuur." Die ou smede het altyd die goud geneem, wanneer hulle dit geslaan het, en hulle sou daardie goud slaan, en dit omdraai, en dit slaan, die onsuiwerheid daaruit uitgeslaan, tot die weerkaatsing van die smit, hy dit daarin kon sien, dan het hy geweet hy het die onsuiwerheid daaruit uitgekry. En dis hoe God die Heilige Gees neem, en die Christen neem, en die Kerk, en Dit slaan met die Evangelie, en heen-en-weer, en heen-en-weer, totdat dit Jesus Daarin weerspieël. Die Heilige Gees die werke van Jesus sien aangaan in die Kerk, dan begin dinge goed gaan.

54 Maar daar's te veel onsuiwerheid in die Kerk vandag, te veel. Nou, hulle is goeie mense, die beste in die wêreld, die room van die oes, maar die Kerk moet Ditself gereedmaak, gereedmaak. Die Bybel het gesê: "En die Bruid het Haarself gereedgemaak," soos ek nou die dag by Pisgah gepreek het.

55 Nou, Abraham was 'n man vir wie God die belofte gegee het, die verbond gemaak, absoluut onvoorwaardelik met Abraham en sy Saad. En as julle Abraham se Saad is, is julle absoluut erfgename van die belofte, net soos Abraham was. Sien? En Abraham se geloof, as julle Abraham se Saad is . . .

56 Nou, dit beteken nie fisiese sade nie, want hulle is Jode, maar soos Paulus gesê het, dit wat uiterlik Jood is, is nie Jood nie, dis

’n geestelike Jood binne-in. ’n Jood, ’n ware, geestelike Jood, is ’n man wat God se Woord glo net soos wat Abraham dit geglo het, en enigiets teenstrydig daarmee, te noem asof dit nie is nie.

57 Nou, dis die soort kerk, as ons daardie soort kerk kon kry. . . As ons hierdie groep kon kry, net hier vanaand, onder daardie soort toestande, sou daar ’n herlewing uitbreek in hierdie plek hier wat, wel, twaalfuur, eenuur in die oggend, vyfuur in die oggend, sou hulle oor hierdie vloere loop heelnag lank in hierdie gebou en die Here prys. Daar sou ’n herlewing uitbreek hierbuite wat al die koerantmanne in die deur sou laat staan in die oggend, hy sou dit oor die wêreld versprei, oral: “’n Herlewing het uitgebreek in Angelus Tempel. Daar is iets soos die Dag van Pinkster wat aangaan.” God wil dit hê, Hy wil dit hê, maar Hy kan nie Sy kinders wakker maak nie, Hy kan hulle nie kry by die, om dit te besef nie.

58 Nou, ons het Abraham gisteraand gelos by die bevestiging van die verbond, en hoe Hy dit sou doen, hoedat Hy sou, God Sy Eie Seun sou neem en Hom ’n Offer maak, soos Hy vir Abraham gewys het. Niks wat Abraham kon doen om dit te doen nie, net aanhou glo; God het alreeds ’n Seun belowe. Nou, Hy het nie gesê: “Nou, Abraham, as jy ’n sekere ding sal doen, sal Ek my Seun stuur,” nie. Hy het gesê: “Ek sal dit doen, dis alreeds gedoen.”

59 Jesus was die Lam van God geslag vanaf die grondlegging van die wêreld. En het julle al ooit hieraan gedink? Julle name is nie in die Lam se Boek van die Lewe geplaas die aand wat julle julle hart vir Christus gegee het nie. Het julle dit geweet? Die Bybel het gesê: “Jou naam is geplaas in die Lam se Boek van die Lewe vanaf die grondlegging van die wêreld,” God se voorkennis.

60 Waarvoor is julle bang? Waarvoor is julle so bang? Julle is— julle is bang. Lyk asof julle net nie daar kan uitloop en die vyand trotseer nie. Wel, noem enigiets wat die duiwel sê ’n leuen; laat God se Woord waar wees. Sien?

61 Jy is deur God gekies, jy het nie jouself gekies nie, God het jou gekies. Wanneer het Hy jou gekies? Voor die grondlegging van die wêreld toe die Lam geslag is. Nou, die Bybel sê dit. Die Bybel het gesê in Openbaring die 20ste hoofstuk, dink ek is dit, dat die antichris in die laaste dae, almal mislei het wat op die aarde gewoon het, wie se name nie geskryf was in die Lam se Boek van die Lewe vanaf die grondlegging van die wêreld, nie. Hoe lank? Vanaf die grondlegging van die wêreld toe God, met Sy voorkennis jou gesien het en jou naam op die Boek geplaas het. Toe die Lam geslag is, is jy geslag saam met die Lam. Halleluja! Goeiste!

62 Mense is bang. “O, as ek net kan. . . Ek—ek—ek’s bang ek—ek mag ’n fout maak.”

63 ’n Fout maak? Jy kan niks erger doen as om net te sit en niks daaraan te doen nie. Staan op en gaan aan, kry die werk gedoen,

wend een of ander soort poging aan, jy moet beweeg. Wanneer die Heilige Gees begin beweeg op 'n persoon, behoort hy te loop met sy skouers regop en sy kop op, en God te prys, sekerlik, want Dis God wat die Woord gespreek het, Dis God wat die belofte gegee het. Maar ons kyk net oor die Woord en ons sê: "Wel . . . "

64 Dis net soos 'n ou visserman, eenkeer, wat van die see af gekom het, en daar was 'n man wat afgegaan het na die see toe. En die man wou . . . Hy het van die see gehoor, hy het dit nog nooit gesien nie. Hy het daarvan gelees, hy het gedink dit was wonderlik, so hy het gesê: "Jy weet, ek dink ek sal bietjie rus en afgaan om sy groot, soutbranders te sien, hoe hulle flits, en—en die diep waters wat die blou lug weerkaats, en die meeue, en die soutlug ruik." Hy het gesê: "Dit sal wonderlik wees!"

En terwyl hy gegaan het, het hy 'n ou sout, matroos ontmoet, wat van die see af gekom het, en hy het gesê: "Waarheen gaan jy, my goeie man?"

Hy het gesê: "Ek gaan af see toe." En hy het hom begin vertel hoe wonderlik dit moet wees.

Gesê: "Ag, daar's niks daaraan nie." Gesê: "Ek sien niks so opwindends daaraan nie. Ek is sestig jaar gelede op die see gebore, en ek is sedertdien al daarop, ek sien niks opwindends daaraan nie."

65 Julle sien, hy was al soveel daarin, dat dit sy opwinding verloor het. En dis hoe dit is met julle mense, julle het die werking van die Heilige Gees al soveel gesien, dat dit sy oorwinning verloor het, of julle julle oorwinning daaroor verloor het. Dit word 'n alledaagse ding. God begin dinge wys, en dinge beweeg, en die Gees tref jou en die Woord kom uit, sê: "Ja, dis baie goed. Ek glo beslis dis die Woord van God." O, goeiste! Dit behoort ons opgewonde te maak, behoort elke dag vars te wees, ja, meneer, net die heeltyd nuut vir ons, ons net opgewonde te maak om te eet en te voed op die Woord van God.

66 God het vir Abraham daar belowe net wat Hy sou doen. So, ons het die verbond geneem, soos hulle dit gemaak het, die kontrak in twee geskeur, een persoon gemaak . . . het een deel van die kontrak geneem, die ander persoon het die ander deel van die kontrak geneem.

67 Nou, toe hierdie kontrak voltooi was, moes hulle bymekaarkom, en albei stukke van die kontrak moes inmekaar pas, julle sien. Jy skryf 'n kontrak uit en skeur dit, probeer dit dan eenmaal dupliseer, jy sal dit nooit doen nie. Sien, want dis net die skeur van die papier en alles, dit moet perfek pas.

68 En toe God Sy kontrak met Abraham se Saad gemaak het, het Hy Sy Seun, Christus Jesus, na die kruis toe geneem. Glo julle dit? Toe het Hy Hom soontoe geneem, en Hom uitmekaar geskeur as 'n Offer, Sy liggaam opgelig uit die graf, en dit aan Sy Eie regterhand geplaas, op Sy troon in die Heerlikheid, en die ander

Deel van die kontrak teruggestuur, die Gees, na die Kerk toe om die Kerk te vul.

69 Geen wonder Jesus het gesê nie: "Die werke wat Ek doen, doen julle ook." Sy werke het voortgegaan. Hoe lank? "Gaan in die hele wêreld in, Hy wat . . . en verkondig die Evangelie. Hy wat glo en gedoop word, sal gered word, hy wat nie glo nie, sal veroordeel word, en," voegwoord: "vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Hoe ver? Na die hele wêreld. Hoeveel? Na elke skepsel. Hoe kon die apostels dit doen? Dit is nog nie gedoen nie, so die opdrag staan nog net so.

70 "'n Klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie." (Daardie Griekse woord *kosmos* beteken "wêreldorde.") "Die wêreld sal My nie meer sien nie, tog sal julle My sien," *julle* wat die Kerk is: "want Ek," persoonlike voornaamwoord: "sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die wêreld." Nie die einde van die apostels nie, maar die einde van die wêreld. "En die werke wat Ek doen, sal julle ook doen."

71 "As julle in My bly, en My Woorde in julle bly . . ." Nou, *bly* beteken om "daar te vertoef." As jy God se belofte in jou hart inneem: "Ek is die Here wat jou genees," kry dit in jou hart, laat dit daar bly, moet dit nooit uithaal nie, laat dit daar bly, tree daarvolgens op. "As julle in My bly, en My Woorde in julle, vra wat julle wil, en dit sal vir julle gedoen word." O, goeiste! Dis die regte waarheid. "As julle in My bly," die Heilige Gees, Christus: "en My Woorde, My beloftes, alles in julle bly," daar bly: "vra net wat julle wil, en dit sal vir julle gedoen word," want Dit moet dit doen.

72 Dan vind ons Abraham het God geglo. En toe, toe hy omtrent nege-en-negentig jaar oud was, dis een jaar kort van 'n honderd te wees, klein Isak het nog nie gekom nie, het hy God nog steeds daarvoor geprys, want hy het geweet God het die belofte gemaak, God moet daardie belofte hou. God moet Sy belofte hou om God te wees. O, as ek kon . . . As dit kon insink aan die linkerkant onder die vyfde rib, en dan daar hang! Sien? Wanneer God 'n belofte maak, is God verplig om daardie belofte te hou, Hy kan dit nie verander nie, Hy kan dit nie verander nie.

73 Ons—ons is eindig. Ons kan sê: "Wel, ek sal daar wees." Ons behoort te sê: "As die Here wil." Maar sien, ons is eindig, ons kan dinge sê en foute maak; maar Hy's oneindig, en Hy kan nie 'n fout maak nie. En as . . . Enige tyd wat Hy enigiets doen, word dit volmaak gedoen, dit kan nooit enigsins beter wees nie.

74 En hoe Hy ooit optree is volmaak. As 'n sondaar, die eerste sondaar na Hom toe gekom en bely het, en God het hom aanvaar, sy bekering, as die tweede sondaar kom, moet Hy op dieselfde manier optree as wat Hy die eerste keer het. As 'n man na Hom toe kom vir genesing, en God het hom genees op grond van sy geloof, die volgende keer wat 'n siek persoon kom, moet Hy

dieselfde ding doen, of Hy het verkeerd gedoen toe Hy die eerste man genees het, Hy het ’n fout gemaak, God sal moet staan, sê: “Ek het ’n fout gemaak deur die mense te genees destyds in die dae van die apostels, want Ek genees nie nou mense nie.” Kan julle julle voorstel God Almagtig wat so-iets sê? Nooit! Dis nie God nie, dis ons! Niks verkeerd met God nie, dis ons, ons geloof: “As julle dit kan glo.”

75 Elke voorsiening is gemaak, daar is alreeds versoening gemaak vir genesing, daar is alreeds versoening gemaak vir sondes, alles is gereed. Kom! Dis reg. Die Bruilofsmaal is gereed. Verskonings is gemaak. Maar Hy het gesê: “Gaan in die . . . ” Die laaste oproep was: “Gaan kry die siekes en die kreupeles,” ’n veldtog van genesing net voor die Bruilofsmaal. Nou sien julle waarby ons is. “Gaan kry die kreupeles, die verlamdes, die blindes uit die strate, en paaie, en lanings, en bring hulle in. Genees hulle, en laat Ek My genade aan hulle betoon, dan sal hulle My glo.” Dis reg. Dis God se laaste oproep, Aandete-oproep, is genesing, die laaste oproep.

76 Nou, na Abraham, toe hy nege-en-negentig was, kom ons nou by 17de hoofstuk, die volgende hoofstuk van Génesis, en God het weer aan hom verskyn. En toe Hy hierdie keer aan hom verskyn het, het Hy aan hom verskyn in die Naam van Almagtige God. Die Hebreeuse woord daar is El Shaddai, wat beteken, *El* beteken “God, die Sterke,” uit Génesis 3: “die Sterke.” *El*: “God, die Lewe-Gewer.” *Shad*, s-h-a-d, beteken: “bors,” soos die vrou. *Shaddai* beteken: “met borste,” meervoud. En God het aan Abraham verskyn in die Naam van “God, die Sterke, met borste.”

77 Wat ’n ding om te verskyn aan ’n ou man van honderd jaar oud, en sy liggaam so goed soos dood, nadat Hy vir hom ’n belofte gemaak het dat hy ’n baba sou hê by sy vrou, Sara, en sy negentig! Dink daaraan.

78 Nou, wat ’n belofte! “Abraham, jy’s oud, jou, jy het nie meer krag nie, en vir die laaste vyf-en-twintig jaar het jy My vertrou. Maar nou wil Ek vir jou sê wat My Naam is, my Naam is: “Die Een met Borste, Die Sterke.” Ek—ek is die God met borste.”

79 Nou kyk, nie “’n bors God” nie, maar “met borste,” beide vir gees en liggaam: “Ter wille van ons oortredinge deurboor, deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.” Die Een met borste, die Sterke, die Krag-Gewer.

80 Neem maar ’n babatjie wanneer dit swak is, en vermoeid, en op sterwe, die moeder neem die babatjie in haar arms, lê dit op teen haar bors, die kleintjie is ontsteld en huil. Maar net sodra dit begin drink aan die ma, wat doen dit? Dit trek die ma se krag in sy eie liggaam in, dit hou op met huil, begin lag, dis tevrede.

81 En God, wanneer ’n gelowige God se belofte kan beetkry, stort God, deur Christus, Sy krag uit in die gelowige se liggaam, en terwyl hy herstel, is hy tevrede. Halleluja! Amen! Die

gelowige, wat drink aan die Woord, die Een met borste, die Nuwe Testament en die Ou Testament, drink aan God se belofte. Soos hy God se belofte van genesing, verlossing, neem, wat dit ook al is, lê hy op die boesems van God net so tevrede as wat hy kan wees. Niemand kan hom daar afskud nie, hy hou vas vir al wat hy werd is en drink God se krag in sy liggaam in. Halleluja!

82 As jy die slegste vrou in hierdie land was, jou naam is nie geskik vir honde om mee te blaf nie, laat ek vir jou iets sê: As jy God se belofte beetkry, en daaraan vashou en lewe, en God sal Sy krag in jou uitstort, dat jy so heilig sal wees, dat almal sal weet jy's 'n Christen. Ja, meneer! As jy 'n dranksmokkelaar, dobbelaar was, wat jy ook al mag wees, maak dit nie saak as jy daardie God met borste sal beetkry nie. En die heeltyd wat jy drink, beweeg jou ou voetjies, beweeg jou hande. Wat is dit? Jy het groeipyne. Jy kom daaruit. Die—die Een met borste, die krag-Gewer, die algenoegsame Een!

83 "Abraham, jy's oud, jy's net soos 'n klein babatjie. Wel, jy het geen lewe in jou liggaam nie, en jy's net, jou liggaam is so goed soos dood, maar Ek is die Een met borste, kry net My belofte beet en hou net aan drink."

84 Hy het gedrink vir vyf-en-twintig jaar; ons kan nie tien minute drink, en onsself dan Abraham se Saad noem nie: "Halleluja! Ek's Abraham se Saad." Kry God se belofte beet en bly daarby. Bly net daar, drink aan die Bevrediger.

85 Wanneer 'n man hoor, geloof kom deur die gehoor, hoor dat Christus vir sy sondes gesterf het, en hy is aanvaar, omdat God aan sy hart geklop het, hy het 'n uitnodiging na die Bruilofmaal, dan kry hy net beet met alles wat in hom is en drink, en drink, totdat sy gees begin groei, hy gevul is met die Heilige Gees, hy 'n ware wedergebore Christen word.

86 'n Man wat siek is, hoor dat Hy, geloof kom deur die gehoor, God die Geneser is, gaan jy net reguit na die ander bors en kry God se goedheid beet, drink aan Sy belofte, drink dit uit die Bybel uit, Dit elke dag te lees, Dit te glo, God te neem, Hom te prys, tevrede dat jy heeltemal gesond gaan wees.

87 Daar's 'n vroutjie wat gisteraand hier was in 'n rolstoel. Ek weet nie of. . . Ek sien haar nie nou hier nie. Ek het afgegaan om vir haar te bid gisteraand, 'n paar aande gelede, sy het opgestaan uit die rolstoel uit en daar deur begin loop, en 'n man wou haar help, sy het gesê: "Gaan weg van my af." Sy het verder geloop.

88 Gisteraand toe ek afgegaan het om te bid vir die rolstoele, het ek gedink ek sal vir haar bid, sy het gesê: "Broer Branham, die Here het my alreeds genees." Sy het gesê: "Ek sit net hier en rus, gaan binne 'n paar minute op wees." Gesê: "Ek het vandag vier of vyf keer geloop. Ek word die heeltyd beter." Sy sit waarskynlik buite in die gehoor iewers vanaand, of iets, sy's in elk geval nie

hier in ’n rolstoel nie. Hoekom? Sy het daardie bors van God beetgekry, en sy drink haar krag terug. Sekerlik.

89 O, ek’s so bly om te weet dat “Die mens nie van brood alleen sal lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan.” Hy voed Sy kleintjies, stort Sy krag in Sy gelowiges in deur Sy Woord. “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God uitgaan.” Dan wanneer die gelowige kom, kom hy op na El Shaddai, en hy leun op Sy boesem, en hy drink net sy . . . hy drink God se krag reg in sy eie liggaam in deur Sy Woord te glo. O, prys die Naam van die Here!

90 Nou, Hy het gesê: “Abraham, al is jy oud, jou ouderdom verby is, en jy’s—jy’s so oud, jy’s ’n honderd jaar oud, glo jy die belofte, maar Ek is die God met borste, Ek stort . . . gaan My krag reg in jou instort.” Ons gaan môre-aand uitvind of Hy dit gedoen het of nie. “Ek gaan jou jou krag net weer reguit laat terugdrink. Hou jy net aan om daardie belofte te glo.”

“Here, ek het dit al vir vyf-en-twintig jaar gehad.”

“Hou net vas. Bly daarby.”

91 En Abraham het God geglo, hy het geglo dat dit die waarheid was. En hy het geweet dat Sara, nou byna ’n honderd jaar oud, dat hy, tog, daardie baba by haar sou hê, wat God vyf-en-twintig jaar tevore belowe het, nog nie een teken van baba nie, geen tekens van—van enigiets natuurlik kon gebeur, wat met die vrou gebeur het, sodat sy kon wees nie, sy was al baie jare verby menopouse; negentig jaar oud, sy gaan in menopouse op veertig. Daar het julle dit. En partymaal vyf-en-veertig, is sy verby dit. En hier is sy negentig. O, goeiste! En dan: “Ons is Abraham se kinders. Uh-huh.” Abraham se kinders!

92 Wat het toe gebeur? Nou, hierdie is nie fiksie nie, hierdie is die Bybel, dis God se waarheid, Sy belofte. Ek het Dit probeer en Dit getoets, en ek—en ek weet julle kan God se Woord neem, en Hy sal Dit regmaak met julle, Hy sal dit laat gebeur.

93 Nou, hier is sy. En voor jy jou kom kry, het Lot afgegaan in Sodom in en weer heeltemal verstrengel geraak. En nadat God daardie belofte aan Abraham gemaak het dat Hy El Shaddai was, die Sterke, toe het hy sy tent opgeslaan buite in die vlaktes onder ’n eikeboom.

94 En eendag, dit was reg in die hitte van die dag, omtrent drie- of vieruur in die middag, veronderstel ek, wanneer die westerse son warm geskyn het daar in Kanaän, en die direkte strale van daardie hitte kan vinnig blase brand, en hy het daarbuite in die tentdeur gesit met sy geboë hoof, miskien gestudeer, of gedink aan God, en hy het sy oë opgelig, en hy het drie mans sien kom, en op ’n manier, wou Abraham vriendelik wees.

95 So hy het gedink: “Daardie kêrels loop soort van vreemd.” Tog vol stof van die pad, en in gewone klere, en hulle het aangestap gekom, en Abraham het uitgegaan en hulle ingenooi. Met ander woorde, iets soos hierdie: “Menere, julle is moeg, julle voete moet moeg wees. Nou, ek het ’n mooi skaduboom hier, wil julle nie inkom en hier onder die skaduboom kom sit nie? En—en ek sal ’n bietjie water gaan haal, ek sal julle voete vir julle was, dit sal julle verfris. Julle kan ’n lekker, koue drankie kry, dan kan julle op julle reis gaan.”

Hulle het gesê: “Maak so, Abraham, maak so, meneer. Wat jy ook al gesê het, wel, laat dit so wees.”

96 Ek kan my voorstel hoe Abraham deur die tentjies hardloop, julle weet, soos daardie, by die groot tent kom, hy het gesê: “Sara, gooi gou drie emmers meel uit, knie dit, kry al die klonte daaruit, en kry. . .maak ’n paar broodjies op die vuur, daar’s Iemand daarbuite. Daar’s net iets omtrent daardie kêrels wat vir my vreemd lyk, hulle is nie gewone predikers nie.”

97 So hy het uitgehardloop agter in die tent, en daar’s ’n kraaltjie daarbuite waar hy die kalfies gehad het, en hy het gevoel tot hy die vetste een gekry het, dit vir sy dienskneg gegee, gesê: “Gaan, kry dit sommer gou gereed.” En hy het weer uitgegaan, en Sara het die broodjies gebak en hulle vir Abraham gegee, en hy het uitgekom en vir hulle die broodjies gegee, en hulle het gaan sit om te eet.

98 Nou dink daaraan, hulle het kalfstjops geëet, melk gedrink, en mieliekoekies en botter gehad; baie goeie dieet. So hy het hulle almal daarbuite laat eet. En ek kan my vir Abraham voorstel wat ’n vliegbos kry, ek reken nie julle het al ooit geweet wat ’n vliegbos is nie, en die vlieë wegwaai, julle weet.

99 Hoeveel weet wat ’n vliegbos is? Wel, kyk na die Kentuckiërs hier! Ons het nooit ’n sifdeur gehad, tot net ’n paar jaar gelede nie, ons het altyd ’n ou vliegbos gehad. En ek net, wel, my tyd daar by Sondagmiddagete, staan en vlieg, uh, die vlieë wegwaai. Ou houtkothuisie, geen—geen vensters daarin nie, en net deur wat jy toegedruk het, en die vlieë sou inkom, so jy sou hulle die heeltyd moes wegwaai.

100 So, ek kan vir Abraham daar sien staan met ’n vliegbos, en wegwaai. Hy het bly afkyk na hulle, hy het gesê: “Nou, hierdie is vreemde kêrels, hulle is stowwerig, ver gereis.” En naderhand, toe hulle klaar geëet het, wel. . .

101 Vreemd dat daardie mans geëet het, hulle was aangetrek in gewone klere, stof op hulle klere, vleis geëet, melk gedrink het, en Een van hulle was God Self, dis wat die Skrif sê. Abraham het Hom Here genoem, hoofletter H-e-r-e, Elohim, die Groot Jehova God.

102 Ek weet baie van die skrywers probeer sê Dit was ’n teofanie, sovoorts soos daardie, maar dit was nie so nie, Hy het vleis geëet,

en melk gedrink, en mieliebrood geëet. Dis reg. Hy was absoluut 'n Man, wat in menslike vlees gesit het.

Iemand het vir my gesê nie lank gelede nie, gesê: "Billy, jy wil nie vir my sê jy glo dit was 'n man nie."

Ek het gesê: "Absoluut. Dit was God in vlees."

Hy het gesê: "Waar het Hy daardie vlees gekry?"

Ek het gesê: "Die groot Skepper van Hemel en aarde, twee Engele saam met Hom, die Bybel het gesê hulle was twee Engele en God Self."

"Wel," het hy gesê: "waar het Hy daardie liggaam gekry?"

103 Ek het gesê: "Waarvan is ons gemaak? Sestien elemente: petroleum, en kalsium, kalium, en kosmiese lig. Wel, God het net gesê: 'Kom hier, Gabriël. Kom hier, Migael. Ons gaan op 'n klein reisie, vir vader Abraham gaan kuier.' Daar uitgestrek en 'n handvol kalsium gekry, en 'n bietjie kalium, en kosmiese lig, en '*Phew!*' dit bymekaar geblaas soos daardie, en daar ingestap, en met hom gepraat." Halleluja! Dis ons God. Dis waarom ek Hom glo in die opstanding.

104 My vrou het vir my gesê nie lank gelede nie, ek het hierdie twee of drie hare gekam wat ek oor het, sy het gesê: "Billy, jy's al amper bleskop."

Ek het gesê: "Ek het nie een van hulle verloor nie."

Sy het gesê: "Sê my dan waar is hulle?"

En ek het gesê: "Goed. Sê jy vir my waar hulle was voor ek hulle gekry het, dan sal ek vir jou sê waar hulle vir my wag." Amen. Dis reg.

105 Broer, ek sê jou, ek glo in die opstanding, God sal een van hierdie dae spreek, en ons sal uitkom in Sy beeld en in Sy gelykenis, mans en vroue, nie Engele nie, maar mans en vroue. God het Engele gemaak, ons sal nooit Engele wees nie, ons is nie gemaak vir Engele nie. Mense is mense gemaak. God het die mens gemaak, Hy bedoel dat hy mens moet wees, dis God se patroon.

106 En Hy het hierdie liggaam gemaak, en Hy het daarin ingestap, en geëet, en reg voor Abraham verdwyn. God Self, Elohim.

107 En daar was Hy, besig om met Abraham te praat, en Hy het gesê: "Nou, Abraham, waar is Sara, jou vrou?" 'n Vreemdeling. Hoe het Hy geweet hy was getroud? Hoe het Hy geweet hy het 'n vrou? En hoe het Hy geweet haar naam was Sara? Julle sien dieselfde Heilige Gees in die gebou hier in die aand, wat dieselfde ding sê. 'n Vreemdeling, stof aan Sy klere, in menslike vlees, het gesê: "Abraham, waar is Sara, jou vrou?"

"O," het hy gesê: "sy's in die tent." En die Bybel het gesê die tent was agter Hom.

En Hy het gesê: "Abraham, dink jy Ek kan enigiets van jou weerhou, siende dat jy God al hierdie tyd geglo het?" Gesê: "Ek gaan jou volgende maand besoek, net volgens die tyd van die lewe deur Sara."

En Sara, in die tent, sy het nie hard gelag nie, maar Dit het gesê, in haar binneste, aan die binnekant het sy by haarself geglimlag.

108 En die Engel met Sy, die Man in menslike vlees, wat koekies eet, brood, en vleis eet, met Sy rug gedraai na die tent, het gesê: "Hoekom het Sara gelag?" Hy het haar nog nooit gesien nie. Hy het geweet wie sy was, geweet hy het 'n vrou gehad, en geweet wat sy in die tent gedoen het. Halleluja! As dit nie ons God is nie, weet ek nie hoekom nie. "Hoekom het sy gelag, toe sy in die tent was?"

109 Let op, dit was net 'n paar uur. . . Nog een Boodskap is gepreek onder in Sodom, en dit was om gereed te maak om uit te kom, en toe het die Vuur uit die Hemel geval. Is dit reg?

110 Nou, sien, dis hoe God opgetree het. Toe Jesus aan die einde van die Joodse bedeling gekom het, het Hy gesê . . . presies dieselfde ding gedoen. Is dit reg? Toe Hy na die Samaritane toe gegaan het, het Hy dieselfde ding gedoen. Noudat ons aan die einde van die Heidense tydperk is, moet Hy dieselfde ding doen. Hy het dit nooit gedoen tot reg by die laaste van die tydperk, by die afsluiting nie.

111 Nou luister wat Jesus gesê het: "Soos dit was in die dae van Sodom . . . " O, laat dit insink! "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die koms van die Seun van God." Die Gees van God in menslike vlees, in Sy Kerk, wat die teken van die Messias openbaar en manifesteer soos Hy het in daardie dag, soos Hy het in die dae van Christus, soos Hy aan die einde van die Heidense bedeling is, net 'n paar uur voor die bomme val, voor die wêreld vernietig sal word.

112 Groot manne, wetenskaplikes, generaals, ensovoorts, sê dat die volgende oorlog net omtrent drie minute sal duur. Rusland het hulle tyd reg ingestel vir Hollywood en Vine, hy het hulle tyd ingestel vir Lakeside Rylaan in Chicago, en vir New York Stad, en vir oral, daardie bomme staan gereeed; ons het dit reg op Moskow, en verskillende plekke ingestel. Dit kos net een persoon om 'n fout te maak om een van hulle een of ander tyd te laat afgaan. Wat gebeur? Dan is die Bybel vervul. Dis die enigste ding wat oor is. Kan julle nie sien wat God doen nie, vriende? Kan julle nie julleself knyp nie, nie julle hande nie, maar julle gees knyp met die Woord van God en Dit glo nie?

113 God het belowe dat voordat Christus sou kom, dat die Gees van God gemanifesteer sou word net soos Dit was in Abraham se tyd. Hoekom? Nou onthou, Hy het dit nooit gedoen onder in Sodom nie, Hy het dit vir Abraham gedoen. Dis waarom die

Boodskap nie die voorrang kry soos Dit behoort te hê nie, Dis net vir die Uitverkorenes, die Kerkwêreld, Abraham se Saad. O, julle kinders van Abraham, julle is sekerlik nie so blind nie! Moenie dink ek praat van myself nie, dis 'n leuen. Ek sou sê as dit ek sou wees, dat, ek—ek 'n leuenaar sou wees. Ek praat van die Gees van God in ons midde, wat dieselfde ding doen, die Engel van die Here.

114 Julle het die foto Daarvan hier. Wetenskap het Sy foto geneem, die wetenskaplike, meganiese oog van die kamera. Toe George J. Lacy daardie foto van Houston ondersoek het die aand, het hy gesê: "Broer Branham, ek het partymaal gesê dat jy was . . . dit sielkunde was, so het hulle vir my gesê, dat jy is, dat jy die gedagtes van mense kon lees, dat jy 'n groot gedagteleser is." Gesê: "Ek weet beter as om dit te sê." Hy het gesê: "Ek het gedink dis sielkunde." Maar gesê: "Die meganiese oog van hierdie kamera sal nie sielkunde afneem nie." Gesê: "Die Lig het die lens getref, die Lig is daar."

115 Wat is Dit? Dieselfde Vuurkolom wat die kinders van Israel gevolg het; Dis dieselfde Ding hier vandag, dieselfde Christus. Enige Bybelstudent weet dat die Vuurkolom wat die kinders van Israel deur die woestyn gelei het, die Engel van die Verbond was, Christus, die Logos wat uit God uitgegaan het in die begin. En toe Dit vlees geword en gewoon het in 'n menslike liggaam hier op aarde met die naam van Jesus, kyk wat Dit toe gedoen het; kyk wat Dit gedoen het toe Dit afgekom het in een of ander vlees en met Abraham gepraat het; kyk wat Dit gedoen het toe Dit hier op aarde was wat in Galiléa gewandel het, wat Dit gedoen het. Wel, hier is Dit weer terug vanaand, wat in ons almal woon, die universele Kerk, wat dieselfde ding doen. Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

116 Nou, om julle gedagtes skoon te maak, ek voel dit: "Christus is nie 'n Lig nie."

117 Christus is 'n Lig. Christus het, toe Hy op aarde was, het Hy gesê: "Ek het van God af gekom." Is dit reg? Wat was Hy toe? Die Vuurkolom. "Ek gaan na God toe." Het Hy dit gesê? Na Sy dood, begrafnis, en opstanding, was Paulus op sy pad af na Damaskus, en meteens, het 'n groot Lig hom op die grond neergefel, wat sy oë verblind het. Die ander het Dit nie gesien nie, Paulus het Dit gesien. En Hy . . . Hulle het die Stem gehoor. En Hy het gesê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"

Hy het gesê: "Wie is U, Here?"

Hy het gesê: "Ek is Jesus." Wat? Weer die Vuurkolom om Sy belofte te vervul.

118 "Ek kom van die Geeswêreld af, Ek gaan terug na die Geeswêreld toe." Die vlees is net hiernatoe gebring as 'n Offerande om ons sondaars te verlos dat ons waardig kan wees deur Sy genade om in te gaan, omdat ons genooi is om in te kom.

119 Sade van Abraham, kan julle nie sien hierdie is julle uur nie? Kan julle nie sê hierdie is die tyd wat—wat God julle roep nie? Ons behoort te bekeer!

120 Wat die Kerk vanaand nodig het, is nie nuwe lidmate nie. Tog, die Verenigde State is deur, en deur, en deurgesoek deur soveel evangeliste, totdat dit net verbrande gebiede is. Dis die waarheid. Amerika het absoluut sy dag van genade weggesondig. Julle merk dit af op 'n boek: Julle sal nooit 'n universele herlewing in Amerika hê nie. Dit het omtrent drie jaar gelede daarby verbygegaan. Dit sal nooit 'n herlewing wees nie. Party van julle jongmense, skryf my woord daaroor neer. Daar sal nooit weer 'n landswye herlewing wees, soos die Billy Sunday dae, ensovoorts nie; julle sal klein oplewinkies hê, soos daardie, tot Jesus kom, maar dit sal nooit wees nie.

121 God het daarvan weggedraai en na die vreemde nasies toe gegaan, dis waar die mense kom. Een teken wat van die Here gedoen word, sal duisende na die altaar toe hardloop, van heidene. En dit kan oor en oor gedoen word vir hierdie klomp Amerikaners, wat op *hierdie* manier, *daardie* manier geleer is, en totaal verward, en nooit stop om in hulle Bybel te kyk nie. Julle weet, jy . . . Die Bybel is—is die Woord van God, Dit word aan die mense gegee om op te voed.

122 Tog, julle het soveel maniere wat opgestel is: "Dit moet soos *hierdie* wees. Dit moet wees soos my kerk sê. Dit moet wees soos my kerk sê." Toe Jesus die eerste keer gekom het, was dit heeltemal verskillend van wat hulle kerke gesê het, en dit sal heeltemal verskillend wees as wat hulle vandag sê wanneer Hy weer kom.

123 Want Hy het gesê: "Ek het dit verberg vir die oë van die wyses en verstandiges, en sal dit openbaar aan kindertjies wat wil leer." As jy gewillig is om te leer, neem die Bybel en ondersoek die Skrifte: "Want Dit is Dié wat van My getuig," het Jesus gesê: "in Hulle dink julle het julle die Ewige Lewe, en Hulle getuig van My."

124 Julle weet toe Hy gekom het, was Sy bediening so bonatuurlik, dat dit die oë van die predikers van daardie dag verblind het, hulle kon Dit nie sien nie. Hulle het gesê: "Ag, Hy wat daardie mense vertel wat verkeerd is met hulle, en hulle hulle name en dinge vertel, dis 'n duiwelse gees in Hom, dis Beëlsebub."

125 Jesus het gesê: "Ek sal julle daarvoor vergewe, maar eendag sal die Heilige . . . " [Leë kol op band—Red.] " . . . Gees kom om dieselfde ding te doen, een woord Daarteen sal nooit vergewe word, in hierdie wêreld, of die wêreld wat sal kom nie."

126 Hou vir Sodom dop. Nou, Hy het gesê: "Soos dit was in die dae van Noag," godslasteraars, ensovoorts; en "soos dit was in die dae van—van Sodom," Sodom is toe die Vuur geval het. Daar

gaan hierdie keer Vuur val, nie water nie, Vuur. Die Vuur sal uit die hemele val, die Bybel het so gesê. Daardie vulkaniese gasse wat daarbo is, een van hierdie dae, gaan hulle een van daardie missiele daar deurstoot, dit gaan 'n ketting rondom veroorsaak soos daardie, miskien, en dis hoe dit sal kom.

127 Dis—dis voor die deur, ons weet dit kan nie veel langer wees nie. Wetenskap sê drie minute voor middernag. Die klok sal een van hierdie ure slaan, en dit sal verby wees binne net 'n paar minute, die wêreld sal aan die brand wees. Maar voor dit gebeur, gaan die Kerk na die Heerlikheid toe. Dan as die einde van tyd so naby is, is die koms van die Here nader.

128 So wat doen ons? Ons sit en kyk na hierdie dinge, ons gaan huis toe, sê: "Was dit nie ongelooflik nie?" Dis nie hoe om dit te doen nie. Gryp die Skrifte en begin Daardeur gaan met gebed in julle hart: "Here God, is dit so naby? Help my, O Here, om U Woord te ken." En ondersoek Dit, en leun Daaroor, en bly Daarby, en mis 'n paar maaltye, en bid tot God, en julle sal terugkom na die kerk toe, so gelaai met die krag van God, dinge sal begin plaasvind hierrond. Ons moet Dit hê.

129 Ons sien die merk. Abraham, sien hoe daardie vir Abraham gegee is? Abraham het daardie teken gesien voor die Vuur in Sodom geval het; en Abraham se Saad sal dieselfde teken sien voor die Vuur val in die moderne Sodom van vandag.

130 God help julle mense! Ek het julle lief, ek bedoel nie om onbeskof te wees nie, ek bedoel nie om te berispe nie, julle mense in radioland, en julle mense hier. Ek probeer julle nie berispe nie, maar ek—ek wil julle wakker maak, dit gaan verby wees voor julle dit weet. Die dag van die besoek, en julle het dit geweet... Het Jesus nie gesit en oor Jerusalem uitgekyk nie? En Sy Gees, Hy het geween en gesê: "Jerusalem, Jerusalem, as julle net julle dag geken het! As julle dit net geweet het! Maar julle—julle... Dis nou verby." En partymaal voel ek diep in my hart, die Heilige Gees net ween vir die mense.

131 O, ek voel Dit, ek's moeg, ek's vermoeid, ek's gedaan. Vrou het gesê: "Jy kan nie nog 'n keer gaan nie, Skat, jy's—jy's net omtrent gereed om te val, jy het heeldag gepreek, jy het week na week. Jy lyk verskriklik. Jy is so senuweeagtig, jy kan nie by die tafel sit nie. Jy—jy's in die middel van die vloer in die aand met jou kussing in jou arms, besig om te bid vir die... daarvoor." Gesê: "Jy's so senuweeagtig, bly by die huis, Skat, voor jy doodgaan!"

132 Ek het gesê: "Maar, skat, daardie kosbare siele daarbuite waarvoor Christus gesterf het, ek moet dit doen." Dis hoekom ek hier is, ek het julle lief. God, openbaar dit aan die mense, is my gebed. Ek's nie hier om gesien te word nie, ek's hier omdat ek julle liefhet, en ek probeer julle skud met die Evangelie uit daardie formele, motieftoestand waarin die mense is.

133 Kom terug na God toe, heelnag biduur, herlewing in jou huis, herlewing in jou siel. Kom terug na geloof in God, op te tree volgens Sy Woord, Sy Woord te neem en Hom te glo. Julle is die Saad van Abraham, God het julle die belofte gegee, God het julle die tekens gewys.

134 Hou daardie Gees dop; nie ek nie, ek's 'n man, net vlees wat Hy opgetel het destyds daar in die slote van sonde. Maar as Hy iemand regverdig sou kry, wie sou Hy kry? Daar's nie een van ons wat regverdig is nie. Een kan nie vir die ander bid nie; een kan nie die ander een *dit*, *dat*, of die *ander* noem nie, want ons het almal gesondig en dit ontbreek ons aan die heerlikheid. Maar God het 'n belofte gemaak dat Hy dit sou doen, Hy gaan iemand gebruik, julle kan net daarop reken, want Hy het Dit gespreek, en Sy Woord moet vervul word.

135 Hy het dit geweet voor die grondlegging van die wêreld wat Hy sou doen. Hy het beslis. Hy het net die uur geken, en wat Hy sou doen, en hoe die Boodskap sou deurgaan, en hoe hulle hulle rûe Daarop sou draai, hoe hulle lui sou dagdroom en wegstap; hoe sommige Dit sou ontvang en brand in hulle harte Daarmee. Omdat daardie dinge gedoen is, probeer mense terugdink en sê: "Ag, dis net 'n man, dis net 'n telepatie of iets." Hulle het dieselfde ding in Sy dag gesê. "As hulle die Meester van die huis Beëlsebub noem, hoeveel te meer sal hulle Sy dissipels noem?" Hoe kon hulle dit Beëlsebub noem, tensy hulle dieselfde ding doen wat hulle Beëlsebub genoem het?

136 Hier is dit, julle is in die laaste dae, julle is in die laaste ure; nie net laaste dae nie, maar laaste ure. Dink daaraan, vriende, terwyl ons bid, buig julle hoofde. Radioland, God seën julle daarbuite.

137 Hierdie is 'n ernstige oomblik, dis 'n tyd van besluitneming, dis 'n tyd wanneer jy iets vir God moet doen. Ek praat nie, ek's . . . natuurlik praat ek met sondaars, maar ek praat, primêr vanaand, met die Kerk, met die Kerk. Dit was jaar na jaar wat hierdie ding deur die nasie getrek het, die einde is op hande, die tekens is gedoen.

138 Hy het gesê: "Kyk na die vyeboom wanneer dit sy botsels voortbring," gesê: "kyk daarna." En hoedat die vyeboom sy botsels uitstoot: "Wanneer julle dit sien, die vyeboom, en al die ander bome begin bot, weet julle die somer is naby." Nou kyk hier, die Joodse nasie het 'n herlewing, die Katolieke kerk het 'n herlewing. Die Baptis onder Billy Graham, die Metodis onder Jack Shuler, die Pinkster onder Oral Roberts; al die bome bot, die tyd is voor die deur. Geen sekere persoon wat ons in Israel kan sê nie, want God werk met Israel as 'n volk; die Heidense wêrelde is individue.

139 Laat ons nou bid. Soek God. Die ding wat God gesê het sou plaasvind, en Hy het vir Abraham, julle vader, die voorbeeld

gegee. En ons, as ons nie Abraham se Saad is nie, is julle verlore, want die belofte is gemaak aan Abraham en sy Saad. Die belofte is absoluut sonder voorwaarde gegee. Word nou wakker. En laat ons bid.

140 Nou, julle in radioland, julle die Saad van Abraham daarbuite, julle wat siek en behoeftig is, julle daar by die kroeg, potspelkamer, waar julle ook al mag wees, wat in die outomobiel ry, kry nou vir jou 'n plekkie net vir 'n oomblik, kom ons bid.

141 As jy langs die tafel sit, en eet, die boodskap kom in die—in die kamer in, buig net jou hoof 'n paar minute, lê jou hand op die tafel en sê: "God, wees my genadig, ek wil nie verlore wees nie. Iets praat nou met my hart, sê ek. En Here, laat dit ek wees."

142 As jy in die restaurant is, belowe God dan nou terwyl ons bid, en glip dan iewers uit, gaan uit die potspelkamer uit, waar jy ook al is, trek jou motor êrens langs die pad af en parkeer dit veilig, gaan dan op jou knieë. Glip baie vinnig huis toe, gaan onder in die slaapkamer in, sê: "Here, ek wil dit met U bespreek." O, dis later as wat ons dink, laat ons gereed wees.

143 En julle hier by die kerk, julle Christene, o, julle Saad van Abraham, julle sterre van die môre, julle wat uit die stof van die slote van sonde gekom het, wat God julle skynende sterre gemaak het om te skyn langs die Helder en Môrester, skud julleself, staan op, kry die stof van julle af, laat ons glo en weet dat God hier is terwyl ons bid.

144 Ewige God, wat Jesus weer uit die dood gebring en Hom aan ons gegee het as 'n algenoegsame Offer om alle sonde weg te neem, ons bid, Here, vir diegene daarbuite in radioland wat buig op hierdie tyd, en vra dat U genade, O God, hulle sal red, wat hulle sal laat weet dat daardie klein, vreemde gevoel wat hulle in hulle hart het, dit U is wat met hulle praat, want U het gesê: "Niemand kan na My toe kom, as My Vader hom nie eers trek nie. En almal wat na My toe sal kom, vir hulle sal Ek die Ewige Lewe gee, en sal hom oprig in die laaste dag." U het dit belowe.

145 O, die Groot Saad van Abraham, deur Wie ons geseën is, die Here Jesus Christus, skenk vanaand, Here, dat as daar enige daar is, wat ek glo daar is, mag hulle daardie groot oorgawe aan U maak net nou. Soos ons U Woord gelees en U belofte gesien en die Woorde van die Here Jesus hoor sê het: "Soos dit was in die dae van Sodom," God wat Homself manifesteer deur die mensdom, tekens van bonatuurlike beweging wys, en toe jare later, het die groot Moses belowe dat wanneer daardie Een kom, dat Hy 'n God-Profeet sou wees, en toe die Israeliete, die opregtes van hart, Hom gesien het, het hulle geweet Hy was die Messias.

Toe die vrou by die put vertel is van haar sondes, het sy gesê: "U moet 'n Profeet wees. Ons weet wanneer die Messias kom, sal Hy vir ons hierdie dinge vertel."

En Jesus het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat."

Toe kon sy in die stad inhardloop en sê: "Kom, sien 'n Man wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is dit nie die teken van die Messias nie?"

En U het belowe daardie selfde ding sou die Heidene besoek net voor die wêreld deur Vuur vernietig sou word soos Sodom was. En hier is die Sade van Abraham wat daardie selfde ding sien gebeur.

146 Here God, wees genadig, en skud hulle vinnig, Here. Laat hulle nie na die vlees kyk nie, daardie selfde vlees waarin God gewoon het, het verdwyn 'n tydjie daarna; dit het verdwyn, want God het dit net gebruik. So sal die vlees wat Hy nou gebruik, een van hierdie dae verdwyn, dit sal teruggaan na die stof van die aarde as Jesus vertoef, maar die Gees van God sal vir ewig voortleef. Here, laat mense dit sien.

147 Genees die siekes en die beproefdes. Wees genadig, God, en red die verlorenes. Bring terug daardie swerwende seun of meisie, man of vrou vanaand, bring hulle veilig na die kudde van God toe. Skenk dit, Here.

148 En in hierdie sigbare gehoor, mag die Heilige Gees harte hier beetkry en hulle wakker maak, en mag daar groot geloof opgebou word in hierdie gebou, dat die mense van God die werke van God kan sien en in God glo, want dis vir hierdie doel dat hierdie dinge gedoen word. Deur die Naam van Jesus Christus. Amen.

149 Ek wil Jesus eendag sien, en julle?

> Wanneer ek daardie strand op die verre Land
> bereik,
> Wil ek Jesus sien, wil jy nie?

Hoeveel ken die ou lied? *Ek Wil Jesus Sien, En Jy?* Dis 'n pragtige, ou lied.

150 Ek onthou om een oggend, wakker te word, in my ou stofie in te gaan, en 'n vuur te probeer maak, en die ding wou nie brand nie, en ek het daar gesit, o, ek was koud, en ryp oraloor die vloer, ou hutjie, en—en ek het probeer om die vuur te laat brand, die wind was in die skoorsteen, en dit wou dit nie doen nie, Suster Cadle het van Indianapolis af gekom, gesê, gesing, *Ek Wil Jesus Sien, En Jy?*

151 Ek het daar gaan sit op daardie koue, gerypte vloer, my hande opgesteek na God toe. Ek het gesê: "Here, laat dit nou wees dat ek Hom sal sien. Ek—ek—ek's siek en sat daarvan, ek verlang nou huis toe, ek wil daar uitkom." Partymaal begin mense so voel. Partymaal laat God dit toe om te gebeur net om ons te laat verlang, maak dat ons Hom wil sien, honger en dors om Hom te sien.

152 Hier sit reg agter in hierdie ry aan die linkerkant, 'n persoon wat daar sit, 'n dame, wat bid, sy het kanker. As jy sal glo, dame, dat God jou sal genees. . . Daardie Lig is bokant jou, wat reg

hieragter sit. Sy sit daar reg agter my skoondogter, Loyce. As sy net sal glo met haar hele hart, reg daaragter naby die punt, kan jy genees word, as jy dit glo.

153 Reg hieronder, dame wat reguit na my kyk, net hier, sy ly aan hoë bloeddruk, wat net daarbuite op die punt van die ry sit. As jy sal glo . . . Ja, sit jou hand oorkant op haar.

154 En omdat jy dit gedoen het, jy self daaragter, jy het spatare, wat langs haar sit. Dis reg. Steek jou hand op, sodat hulle sal sien wie ek is . . . Goed. Nou, jy's ook genees, jy kan huis toe gaan en gesond wees. Amen.

Kan julle glo?

155 Kyk, daar ver agter, 'n man. Daar's daardie Lig, ek kyk reguit Daarna. Die man het iets verkeerd met sy hande, en iets verkeerd met sy knieë, hy het epilepsie, ook; pas van 'n hospitaal af gekom. As jy glo, daaragter agter daardie man, kan jy genees word, as jy net die Here Jesus sal aanvaar. Goed.

156 Glo julle die Here Jesus Christus is hier? Glo jy Hy kan dinge openbaar, soos Hy het aan die Engel van die Here toe Hy in daardie Man van vlees was? As ek my rug sou draai, en julle sou bid, glo julle dat Hy dieselfde ding kon doen? Glo julle Dit? Julle sou aanvaar Dis dan dieselfde Christus, dieselfde Heilige Gees wat in daardie menslike vlees was wat met Abraham gepraat het? Glo julle dit? Party van julle vroue, bid dan.

157 Laat dit wees, Here, tot U eer. Laat dit wees. Laat iemand bid, Here, iemand wat ek nie ken nie. Laat dit vanaand wees, dat hierdie mense sal sien dat hierdie Boodskap waarlik die waarheid is. Laat dit wees, in die Naam van die Here Jesus.

158 Daar's 'n vrou, reg, reg agter my, sy ly aan 'n vroueprobleem, en sy moet gaan vir 'n operasie. Sy's 'n jong vrou. En sy het net onlangs 'n Christen geword, want Dit lyk baie helder rondom haar. Wat hier reg agter in die paadjie sit. Glo jy met jou hele hart, met jou hoof gebuig daar? Staan nou op jou voete. Ek ken jou nie, ken ek, dame? Ons is totale vreemdelinge. Is dit reg? Ek en jy? Alles wat gesê is, is die waarheid?

159 Dieselfde Engel wat op daardie Man was wat Sy rug gedraai gehad het na die tent, wat van Sara geweet het, van haar geweet het. Dieselfde God is hier vanaand, Abraham se God, wat dieselfde ding vir Abraham se kinders sê. Glo julle nou met julle hele hart?

160 Nou, ek sê julle, is daar 'n sondaar hier wat God nie ken nie, maar vreemd voel in jou hart? Sal jy nou hiernatoe wil kom, sonder enige oortuiging? Is jy oortuig? Kom net 'n oomblik hiernatoe. Kom hier, sondaarvriend, kom ons bid. 'n Sondaar wat God nie ken nie, sal jy kom?

161 Is daar 'n afvallige wat graag wil terugkom na God toe? Kom net vir 'n oomblik hiernatoe.

162 Nou, ek gaan gebruik, in daardie volgende paar aande, net alles vir genesing, maar ek—ek wil ’n herlewing hê. Ek—ek’s nie tevrede nie, ek wil die Gees van God sien beweeg.

163 Kinders, kyk, hoeveel glo dat ek julle liefhet? Steek julle hande op. Julle weet ek berispe julle nie, maar julle het te veel Hollywood hierrond, julle het te veel modes van die wêreld, julle het te veel sorge, breek daaruit, ons het ’n herlewing nodig. Amen. Goeiste, goeiste! Julle het God nodig, mense, julle het nodig om wakker te word, ons is aan die einde van die pad, die oordele is hier. Amen.

164 O, ek wens dat ek. . .Broer Duffield, jy is een van die gaafste manne wat ek nog ooit ontmoet het, Broer du Plessis. Ek—ek wens daar was ’n manier wat ek die mense kon laat sien waarvan ek praat. Ons moet sommer gou wakker word, of julle gaan die Wegraping mis, vriende. Dit kan op enige tyd gebeur.

165 Hoeveel wil graag ’n toewyding aan God maak? Steek julle hande op, staan op julle voete, wy jouself opnuut toe aan God. Hoeveel voel julle het ’n toewyding nodig? Steek julle hande op. Hoe kan ek dit doen? Hoe kan ek, vriende? Ek kan dit nie doen nie.

166 Julle sê: “Broer Branham, sal jy nog ’n paar visioene sien?”

As jy dit nie wil glo nie, sal jy dit in elk geval nie glo nie. Dis presies reg.

167 Daardie visioene maak my swak, en ek probeer genoeg krag opbou om hierdie week te voltooi tot Saterdag en Sondag, die grootste genesingsdienste wat ons ooit gehad het. Dis waarvoor ek my krag terughou, vir daardie aande om alles wat ek het, reg daarin te sit.

168 Hier’s mense wat nou opkom, hulle lewe vir Christus gee. Party van die persoonlike werkers loop saam met hulle. Kom julle, iemand anders wat Christus nodig het, loop hier af na die altaar toe.

169 Ek sê julle, vriende, soos ek nou die aand gesê het: Julle het soveel geweldige rukwinde gehoor, en soveel aardbewings, en soveel skuddings, dat julle nie daardie laaste Een kan hoor nie. Wat was die laaste? ’n Stil klein Stemmetjie. Sien? Daardie Iets in jou hart wat sê: “O, ja! Ja! Daar is dit, ek sien dit!”

170 O, as ons kon wakker word daarvoor! Dis wat ons nodig het. Wie kan ’n gebed bid wat hierdie mense sal toewy? Ek glo nie daar’s ’n prediker in die wêreld wat dit kan doen nie, jy moet dit self doen, dis jy wat dit moet doen.

171 Hoeveel sal nou julle hand oorkant op iemand anders lê, en vir hulle bid dat hulle toegewy sal word aan God? Moenie vir jouself bid nie, bid vir die volgende kêrel, persoon wat langs jou staan, bid vir hulle toewyding. Dis reg. Nou, dis die manier. Bid vir iemand anders, doen iets vir iemand anders, dis die manier

om dit te doen. Sê: "Here, wy my broer toe, wy my suster toe, stort U Gees op hulle uit." Dis reg. Bid julle nou. Dis hoe om dit te doen. Wy jouself toe aan God. En as jy die krag van God in jou lewe voel, steek julle hande op en sê: "Dankie, Here. Ek maak nou my belofte aan U."

172 O Here God, Skepper van Hemel en aarde, stuur U Heilige Gees op hierdie groep, en vul hierdie plek met die doop van die Heilige Gees. Skenk dit, Here. Stort U Gees uit, veroordeel die mense van ongeloof, en stuur geloof, krag, vreugde, vrede, tevredenheid af. Mag hulle na El Shaddai toe kom, Sy borste beetkry, en die sterkte en krag van God indrink, deur gebed, terug in hulle siele en in hulle liggame in. Skenk dit, Here. Hoor die gebed van U dienskneg. Skenk dit soos ons bid en glo, en doen, en glo hierdie is die Saad van Abraham, in die wete dat die Heilige Gees teenwoordig is.

(Wag 'n oomblik, net 'n oomblik.)

173 (*Ek Sal Hom Prys.*) O, wonderlik! Dit kos nie te veel gebed nie, dit kos net party wat glo, julle het baie gebid, begin glo, lê elke las af, en die sonde, die ongeloof wat julle so maklik ontstel. Hoeveel wedergebore Christene is hier? Steek julle hande op. Kyk net. O, dis wonderlik! Kom ons sing nou, sluit julle oë, steek julle hande op. Hoeveel voel beter net nou, voel asof julle 'n bietjie geloof onder in julle het, voel asof jy die deksel kon afblaas en aangaan, voel dat julle Abraham se Saad is?

Die orreliste gee ons die wysie, *Ek Sal Hom Prys*. Laat ons dit hoog oplig, en ons hande opsteek na God, en sing:

Ek sal Hom prys, ek sal Hom prys,
Die Lam geslag vir sondaars prys;
Gee Hom eer, al julle mense,
Want Sy Bloed het elke vlek weggewas.

Almal saam, julle Metodiste, julle Baptiste, Pinksters, almal saam nou, komaan. Goed.

Ek sal Hom prys, ek sal Hom prys,
Die Lam geslag vir sondaars prys;
Gee Hom eer al julle mense,
Want Sy Bloed het elke vlek weggewas.

174 Nou, terwyl ons dit weer sing, wil ek hê julle moet omdraai en handskud met iemand voor julle, agter julle, langs julle, sê: "Prys God, Christen. Prys God, Christen." Sê: "Ek voel beter, ek voel om nou aan te gaan." Sê dit terwyl ons sing. Nou komaan:

Ek sal . . . (Bo in die balkon nou, komaan, kry
nou die styfheid weg.) Ek sal Hom prys,
Die Lam geslag vir sondaars prys;
O, gee Hom eer al julle mense,
Want Sy Bloed het weggewas elke . . .

175 Nou, terwyl ek hard gepreek en die Woord daar moes uitdruk net so hard as wat ek geweet het hoe om dit te doen, julle dink nie ek was kwaad vir julle nie, of hoe? Julle weet dit het net julle geloof probeer opbou. Is dit reg? Steek julle hand op as julle dit glo. God seën julle.

176 Ek sal dit nou saam met julle sing met ons hande op:

> Ek sal Hom prys, (Halleluja!) ek sal Hom prys,
> Die Lam geslag vir sondaars prys;
> Gee Hom eer al julle mense,
> Want Sy Bloed het weggewas elke . . .

177 Almal wat elke Woord van God glo, almal wat voel dat jy op die boesem van El Shaddai kan lê en enige belofte uit God drink wat jy nodig het, sê: “Amen.” Sê dit baie hard. *Amen!* Dis reg. *Amen* beteken: “Laat dit so wees.” Ons kan dit doen. God seën julle koninklike harte. Goed.

Laat ons nou ons hoofde buig vir gebed.

178 Goed, Broer Duffield.

59-0416 El-Shaddai
Angelus Tempel
Los Angeles, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org